

Ystervark en die goue woordjie

Wendy Maartens

'n Fabel is 'n volksverhaal waarin daar 'n morele les of boodskap oorgedra word. Soms word die boodskap aan die einde van die verhaal uitgespel. Die hoofkarakters in 'n fabel is dikwels pratende diere, plante of natuurverskynsels soos die wind of die son. Van die oudste en bekendste fabels word toegedig aan die Griekse storieverteller Esopus, 'n slaaf wat meer as 2 500 jaar gelede geleef het. Kenners is egter nie seker of daar werklik iemand soos Esopus was en of hy self net 'n storiekarakter was nie.

Ystervark het aan die rand van 'n klein dorpie gewoon. Elke dag het hy alles gesien en gehoor wat die inwoners van die dorp doen. Maar soos dit 'n ordentlike ystervark betaam, het hy niks gesê nie en rustig sy eie gang gegaan, wortels uitgegrawe en goggas gesoek.

Op 'n dag sien hy hoe 'n man 'n klein slangetjie optel en huis toe neem. Ystervark draf stilletjies agterna om te kyk wat gebeur. En sowaar, oor die volgende paar weke sien hy hoe die man die klein slangetjie soos 'n troeteldier versorg.

Elke oggend voordat die man ontbyt eet, groet hy eers die slangetjie en streel hom liefdevol. Dan voer hy hom stukkies vleis of hoender en partykeer selfs 'n lewendige muis of twee. Soms gaan stap hy lang ente met die slangetjie in die veld en probeer hom alles leer wat 'n slang moet weet.

Die slangetjie het gekyk en geluister en vinnig geleer.

Sommer gou kom die man agter dat die slangetjie baie lief vir fluitmusiek en **suurmelk** is. As die man op sy fluit speel, kom die slangetjie aangeseil om te luister. En as die man se vrou vir hulle suurmelk uitskep, kry die slangetjie ook 'n bakkie vol om gulsig op te drink.

Só sien Ystervark hoe die slangetjie groter en sterker word.

Nie lank nie of die babaslang verander in 'n reuseslang met pragtige groen-en-geel patrone oor sy hele lyf.

Een oggend toe die man opstaan om die slang te groet, krul die dier hom om sy baas se nek.

Terwyl sy rooi tongetjie flits en sy giftande in die sonlig blink, sis die slang: "Nou gaan ek jou doodmaak!"

"Wag!" roep die man benoud. "Laat ons eers by Koei hoor of ek verdien om doodgemaak te word."

Koei laat ook nie op haar wag nie en antwoord gretig: "Mens ken nie daardie een goue woordjie, 'dankie', nie. Hy pluk aan my spene en vat al my melk. As ek ouer word, slag hy my en eet my vleis. Alles sonder om een keer 'dankie' te sê."

"Kan ons nie maar by Boom ook hoor voordat jy my doodmaak nie?" soebat die man.

Boom laat ook nie op haar wag nie en antwoord gretig: "Mens ken nie daardie een goue woordjie, 'dankie', nie. Hy eet al die vrugte wat ek elke jaar vir hom gee. As ek ouer word, kap hy my af om met my hout vuur te maak. Alles sonder om een keer 'dankie' te sê."

"Kan ons nie maar by Os ook hoor voordat jy my doodmaak nie?" soebat die man.

Os laat ook nie op hom wag nie en antwoord gretig: "Mens ken nie daardie een goue woordjie, 'dankie', nie. Ek moet elke dag swaar gelaai-de waens mark toe trek. Hy slaan my met 'n sweep en skel op my om vinniger te trek. As ek die dag oud is, slag hy my en gebruik my vel om skoene en 'n nuwe sweep te maak. Sonder om een keer 'dankie' te sê."

Nadat die slang gehoor het wat Koei, Boom en Os gesê het, maak hy reg om die man dood te pik.

Net mooi op daardie oomblik roep die vrou haar man om suurmelk te kom drink.

Die slang los die man dadelik en seil haastig om sy bakkie suurmelk te verslind.



Ystervark, wat alles uit 'n bos langs die huis dopgehou het, hardloop na die man toe en roep: "Gou! Nou is jou kans!"

Die man gryp 'n stok en slaan die slang **morsdood**.

Toe begin hy uitasem na die ystervark soek om hom vir die goeie raad, wat sy lewe gered het, te bedank.

Maar Ystervark het gemaak dat hy wegkom. Netnou het Koei, Boom en Os die waarheid gepraat. Hy wat Ystervark is, wou nie wag om uit te vind of die man dalk regtig die klein goue woordjie vergeet het nie.